

HERRINERING AAN VRAELYTE

SAKAI ondersoek geleenthede om die KABV-kurrikulum te verbeter deur elemente in te sluit wat beter aansluit by die behoeftes van ons instansies en kandidate, insluitend SAKAI se toekomstige kurrikulumbeplanning en -besluitneming. As deel van hierdie proses is SAKAI daartoe verbind om saam met sy instansies te werk en waardeer daarom insette om toekomstige beplanning te vorm.

Instansies word versoek om die volgende vraelyste hieronder genoem te voltooi teen **25 September 2026**.

- Handboek Vraelys: [Textbook survey – Fill in form](#)
- Graad 10 & 11 Voorgeskrewe Werke Vraelys: [Prescribed works Gr 10 and 11 – Fill in form](#)

Dankie byvoorbaat vir u samewerking.

HERRINNERING AAN LENTESKOOL

Instansies word vriendelik versoek om alle Graad 12-kandidate aan te moedig om vir die komende Lenteskoolprogram op ons webwerf (www.sacai.org.za) te registreer. Hierdie inisiatief bied aan kandidate waardevolle akademiese ondersteuning, geleenthede vir hersiening en doelgerigte voorbereiding vir die eksamens.

Die Lenteskool is 'n belangrike hulpbron wat kandidate kan help om hul begrip van sleutelkonsepte te versterk, leemtes in hul kennis aan te spreek en die eksamens met groter selfvertroue aan te pak. Ons moedig alle kandidate aan om hierdie geleentheid ten volle te benut terwyl hulle vir die finale eksamenperiode voorberei.

Neem asseblief kennis dat registrasies op **23 September 2026 om 16:00** sluit. Dit sal ongelukkig nie moontlik wees om laat registrasies te akkommodeer nie. Ons moedig instansies sterk aan om hierdie geleentheid te bevorder en toe te sien dat kandidate voor die sluitingsdatum registreer.

Spesiale aanbieding aan opvoeders: Opvoeders is welkom om die lenteskool gratis by te woon. Epos asseblief **Mej Kleinshans** by elmarie@sacai.org.za om toegang tot die nodige skakels te verkry.

MODERERING UMALUSI & GEMEENSKAPLIKE ASSESSERINGS

Umalusi Moderering (Slegs Gr 12)

Instansies word herinner aan die komende Fase II Umalusi-modereringsproses. Neem asseblief kennis dat SAKAI nog nie die amptelike steekproeflys van Umalusi ontvang het nie. Sodra die steekproeflys ontvang is, sal dit sonder versuim aan alle instansies gekommunikeer word.

Neem asseblief kennis dat die sperdatum vir indiening verleng is tot 16 Oktober 2026. Alle vereiste modereringsvoorleggings moet via die *Document Warehouse* in die Umalusi-modereringslêergids opgelaa word:

Grade 12: Umalusi Moderation

Wenke vir die indiening van assesserings vir Umalusi-moderasie

- Alle assesserings moet die volgende bevat:
 - Vraestel en nasienriglyne
 - Voor- en na-modereringsdokumente
 - Kognitiewe vlakke en analises
- Interne moderasie word met 'n swart pen gedoen (groen word gebruik vir eksterne SACAI- of Umalusi-moderasie).
- Indien die assessering nie deur SAKAI opgestel is nie (d.w.s. nie 'n gemeenskaplike assessering is nie), mag dit nie 'n SAKAI-logo hê nie.
- 'n Maksimum van 6 voltooide leerderlêers moet opgelaa word.
- Versuim om die vereiste dokumente in te dien, word beskou as nie-nakoming van die SAKAI-SBA-beleid.

Gemeenskaplike Assessering Moderering (Slegs Gr 12)

Instansies word herrinner aan die Gemeenskaplike Assessering Moderering wat opgelaa moet word in die *Document Warehouse* teen 23 September 2026 om 13:00.

Raadpleeg asseblief die individuele e-poskommunikasie wat deur **me. Wernich** by mariescha@sacai.org.za versprei is vir die spesifieke modereringsvereistes en -instruksies.

Om te verseker dat daar aan die modereringsproses voldoen word, laai asseblief die volgende dokumente op:

- Vraestel
- Nasienriglyne
- Gemerkte antwoordstelle van leerders

Ons moedig instellings aan om alle vereiste dokumentasie ruim voor die sperdatum in te dien om enige probleme op die laaste nippertjie te vermy.

Graad 12 Oktober Moderering

Instansies word herinner aan die Graad 12 Oktober-modereringsiklus, wat SBA-assesserings van Kwartaal 1 tot 3 insluit. Hierdie assesserings moet teen 9 Oktober opgelaa word.

Die volgende vakke sal gemodereer word:

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Fisiese Wetenskappe
- RTT (Praktiese Assesseringstaak)

Ses leerderlêers moet vir moderering ingedien word. Verseker asseblief dat die steekproef kandidate met swak, gemiddelde en goeie prestasie insluit.

Laai asseblief alle assesserings en memorandum (sonder wagwoorde), modereringsverslae en puntestate op.

Indien jy enige verdere inligting of bystand benodig, kontak asseblief vir **Mej Kleynhans** by elmarie@sacai.org.za

VAKKE: MEI/ JUNIE 2027

SAKAI kondig met graagte die vakke aan wat tans beplan word vir die eksamensessie van **Mei/Junie 2027**.

Neem asseblief kennis dat hierdie **vakaanbod voorlopig is en onderhewig is aan verandering**, afhangende van die aantal kandidaatregistrasies wat ontvang word. In gevalle waar registrasiegetalle onvoldoende is, sal sekere vakke nie aangebied word nie.

Instansies word aangemoedig om hierdie inligting aan voornemende kandidate oor te dra en registrasies binne hul onderskeie gemeenskappe te bevorder. Die finale lys vakke sal bevestig word sodra die registrasiegetalle nagegaan is.

Voorlopige vakaanbod:

- English Home Language en English First Additional Language
- Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Rekenaartoepassingstechnologie
- Verbruikerstudies
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe

PUNTE-INDIENING 333, 444, 999 en 0 (Nul)

Instansies word daaraan herinner dat punte vir Kwartaal 3 met behulp van die nuwe gekombineerde graadpuntelyste ingedien moet word. Puntelyste moet teen 12 Oktober om 15:00 op die *Document Warehouse* opgelaa word.

Neem asseblief kennis dat die finale Graad 12-puntelyste direk vanuit die stelsel gegenereer sal word, gebaseer op die kandidate se registrasiedata. Verdere besonderhede en leiding oor hierdie proses sal nader aan die indieningstydperk gekommunikeer word. Die sperdatum vir die indiening van Graad 12-punte bly 2 November 2026.

Instansies word ook daaraan herinner dat alle "333"-kodes gefinaliseer moet word voordat die finale punte ingedien word, en vervang moet word met óf die toepaslike punt óf 'n 0, waar van toepassing. Daarbenewens moet die vereiste stawende dokumentasie vir enige kandidate wat met 'n "444"-, "999"-, "0"- of "1"-kode aangedui word, teen 2 November 2026 in die volgende lêergids op die *Document Warehouse* opgelaa word:

Gr 12 Marksheet Evidence

Let wel: Indien 'n kandidaat nul (0) punte vir 'n spesifieke SBA-taak behaal het, moet die instansie 'n skriftelike motivering indien. Dit geld vir alle SBA-take, mondelinge assesserings, PAT's en PET's.